



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
**GOVERNMENT GAZETTE**

**STAATSKOERANT**  
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 1439

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 10c PRYS  
OVERSEAS 15c OORSEE  
POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOERANT No. 1439

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

VOL. 70]

PRETORIA, 30 APRIL 1971  
30 APRIL

[No. 3083

**PROCLAMATIONS**

by the State President of the Republic of  
South Africa

No. R. 86, 1971

SOUTH AFRICAN CITRUS SCHEME.—AMEND-  
MENT

Whereas the Minister of Agriculture has, in terms of section 9 (2) (c), read with section 15 (3), of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), accepted the proposed amendment as set out in the Schedule hereto, to the South African Citrus Scheme, published by Proclamation R. 121 of 1964, as amended, and has under section 12 (1) (b) of the said Act, recommended the approval of the proposed amendment;

Now, therefore, under the powers vested in me by section 14 (1) (a) read with the said section 15 (3) of the said Act, I do hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Nineteenth day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

J. J. FOUCHÉ, State President.  
By Order of the State President-in-Council:  
D. C. H. UYS.

**SCHEDULE**

The South African Citrus Scheme, published by Proclamation R. 121 of 1964, as amended, is hereby further amended by the substitution for paragraphs (k) and (l) of section 16 of the following paragraphs:

"(k) with the approval of the Minister to require any person or any person belonging to any class or group of persons, or any person other than a person belonging to any class or group of persons, to furnish the Board with such information relating to citrus fruit or citrus trees as may be available to such person and as the Board may specify;

A—63529

**PROKLAMASIES**

van die Staatspresident van die Republiek van  
Suid-Afrika

No. R. 86, 1971

SUID-AFRIKAANSE SITRUSSKEMA.—WYSIGING

Nademaal die Minister van Landbou, kragtens die bepalings van artikel 9 (2) (c), saamgelees met artikel 15 (3), van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), die voorgestelde wysiging in die Bylae hiervan uiteengesit, van die Suid-Afrikaanse Sitrusskema, afgekondig by Proklamasie R. 121 van 1964, soos gewysig, aangeneem het en kragtens artikel 12 (1) (b) van genoemde Wet die goedkeuring van die voorgestelde wysiging aanbeveel het;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14 (1) (a), saamgelees met die genoemde artikel 15 (3) van genoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysiging op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

Gegee onder my hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Negentiende dag van April Eenduisend Negehonderd Een-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

**BYLAE**

Die Suid-Afrikaanse Sitrusskema, afgekondig by Proklamasie R. 121 van 1964, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur paragrawe (k) en (l) van artikel 16 deur die volgende paragrawe te vervang:

"(k) met die Minister se goedkeuring enigiemand, of enigiemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, of enigiemand behalwe iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, te gelas om aan die Raad dié inligting, met betrekking tot sitrusvrugte of sitrusbome, te verstrek waaroor bedoelde persoon beskik en wat die Raad spesifiseer;

1—3083

(l) with the approval of the Minister to prescribe the records to be kept in connection with citrus fruit or citrus trees, the period for which any such record shall be retained and the returns to be rendered to the Board in regard to citrus fruit or citrus trees by any person, or by any person belonging to any class or group of persons, or by any person other than a person belonging to any class or group of persons, and the times at which and the form and manner in which such returns shall be so rendered;".

(l) om met die Minister se goedkeuring, aantekeninge wat in verband met sitrusvrugte of sitrusbome gehou moet word, die tydperk waarvoor so 'n aantekening behou moet word en die opgawes wat ten opsigte van sitrusvrugte of sitrusbome aan die Raad verstrek moet word deur enigiemand of deur enigiemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, of deur enigiemand behalwe iemand wat tot 'n klas of groep persone behoort, voor te skryf, asook die tye waarop die vorm waarin en die wyse waarop die bedoelde opgawes aldus verstrek moet word;".

No. R. 87, 1971

ESTABLISHMENT OF TSWANA LEGISLATIVE ASSEMBLY

Whereas the Tswana Territorial Authority established in terms of Government Notice 585 of 1961 has been duly consulted as provided for in the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971);

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sections 1, 2 and 5 of the said Bantu Homelands Constitution Act, 1971, I hereby—

(a) establish, with effect from 1 May 1971 (hereinafter referred to as the fixed date), a Legislative Assembly for the area described in the Schedule hereto, to be known as the Tswana Legislative Assembly;

(b) determine that the Tswana Legislative Assembly and the Executive Council for the said area shall as from the fixed date be constituted in the manner set out in the Tswana Territorial Authority Regulations contained in Schedule C to Proclamation R. 141 of 1968, as applied *mutatis mutandis* by section 24 (2) of the said Act, and that any person who at the fixed date is a Member, Chairman, Deputy Chairman, Chief Councillor or Councillor in relation to the Tswana Territorial Authority or for the area of the Tswana Territorial Authority and who is a citizen of the area concerned, shall be a Member, Chairman, Deputy Chairman, Chief Councillor or Councillor, as the case may be, in relation to the Tswana Legislative Assembly or for the area of the Tswana Legislative Assembly in terms of the said regulations, as so applied;

(c) determine that the period of office of any person who holds an office in relation to the Tswana Legislative Assembly or for the area of the Tswana Legislative Assembly in terms of paragraph (b) shall expire on the date on which his period of office in relation to the Tswana Territorial Authority would have expired if that Authority had not been disestablished, and that for the purpose of calculating the date in terms of this paragraph a session of the Tswana Legislative Assembly shall be deemed to be a session of the Tswana Territorial Authority.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-first day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

J. J. FOUCHE, State President.

By Order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

No. R. 87, 1971

INSTELLING VAN TSWANA-WETGEWENDE VERGADERING

Nademaal die Tswana-gebiedsowerheid ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 585 van 1961 behoorlik geraadpleeg is soos bepaal by die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971);

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels 1, 2 en 5 van genoemde Grondwet van die Bantoe-tuislande, 1971, hierby—

(a) met ingang van 1 Mei 1971 (hieronder genoem die vasgestelde datum) 'n Wetgewende Vergadering instel vir die gebied beskryf in die Bylae hiervan, wat bekend sal staan as die Tswana- Wetgewende Vergadering;

(b) bepaal dat die Tswana- Wetgewende Vergadering en die Uitvoerende Raad vir genoemde gebied vanaf die vasgestelde datum saamgestel word op die wyse uiteengesit in die Tswana-gebiedsowerheidsregulasies vervat in Bylae C van Proklamasie R. 141 van 1968, soos *mutatis mutandis* toegepas by artikel 24 (2) van genoemde Wet, en dat enige persoon wat op die vasgestelde datum 'n Lid, Voorsitter, Ondervoorsitter, Hoofraadslid of Raadslid is met betrekking tot die Tswana-gebiedsowerheid of vir die gebied van die Tswana-gebiedsowerheid en wat 'n burger van die betrokke gebied is, 'n Lid, Voorsitter, Ondervoorsitter, Hoofraadslid of Raadslid is, na gelang van die geval, met betrekking tot die Tswana- Wetgewende Vergadering of vir die gebied van die Tswana- Wetgewende Vergadering kragtens genoemde regulasies, soos aldus toegepas;

(c) bepaal dat die ampstermy van enige persoon wat 'n ampsdraer is ten opsigte van die Tswana- Wetgewende Vergadering of vir die gebied van die Tswana- Wetgewende Vergadering kragtens paragraaf (b), op die datum verstryk waarop sy ampstermy sou verstryk het ten opsigte van die Tswana-gebiedsowerheid indien dié owerheid nie ontbind was nie en dat vir die doeleindes van berekening van die datum ooreenkomstig hierdie paragraaf 'n sessie van die Tswana- Wetgewende Vergadering geag word 'n sessie van die Tswana-gebiedsowerheid te wees.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Een-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Een-en-sewentig.

J. J. FOUCHE, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

SCHEDULE

AREA OF THE TSWANA LEGISLATIVE ASSEMBLY

The area consisting of the areas of—

- (a) the Pilansberg Regional Authority, Rustenburg District, established in terms of Government Notice 1780 of 1958;
- (b) the Bakgatla Ndebele Regional Authority, Hammanskraal area, established in terms of Government Notice 23 of 1960;
- (c) the Barolong Regional Authority, Thaba Nchu District, established in terms of Government Notice 1275 of 1953 read with Proclamation R. 182 of 1962;
- (d) the ba Hurutshe Regional Authority of Zeerust, Marico District, established in terms of Government Notice 335 of 1959;
- (e) the Huhudi Bechwana Regional Authority, Vryburg District, established in terms of Government Notice 351 of 1961;
- (f) the Taung Regional Authority, Taung District, established in terms of Government Notice 376 of 1958;
- (g) the Seokama Dichaba Regional Authority, Kuruman District, established in terms of Government Notice 358 of 1958;
- (h) the Barolong Regional Authority, Mafeking District, established in terms of Government Notice 609 of 1961;
- (i) the Ditshobotla Regional Authority, Lichtenburg and Delareyville Districts, established in terms of Government Notice 432 of 1963;
- (j) the Bafokeng Regional Authority, Rustenburg District, established in terms of Government Notice 1525 of 1966 read with Proclamation R. 182 of 1962;
- (k) the Madikwe Regional Authority, Rustenburg District, established in terms of Government Notice 1111 of 1967, as amended in terms of Government Notice 824 of 1969;
- (l) the Bathlaping Regional Authority, Herbert District, established in terms of Government Notice 314 of 1957 read with Proclamation R. 182 of 1962; and
- (m) the Odi Regional Authority, Brits, Pretoria and Rustenburg Districts, established in terms of Government Notice 555 of 1971.

R204/4

No. R. 88, 1971

CISKEIAN TERRITORIAL AUTHORITY  
REGULATIONS.—AMENDMENT

Under and by virtue of the powers vested in me by section 17 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), read with section 25 of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), I hereby amend Schedule C to Proclamation R. 143 of 1968 in accordance with the accompanying Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-first day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

J. J. FOUCHE, State President.

By Order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

SCHEDULE

Substitute the word "fifth" for the word "third" in regulation 12 (1) of Schedule C.

R203/4

BYLAE

GEBIED VAN DIE TSWANA- WETGEWENDE VERGADERING

Die gebied bestaande uit die gebiede van—

(a) die Pilanesberg-streksowerheid, distrik Rustenburg, ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 1780 van 1958;

(b) die Bakgatla-Ndebele-streksowerheid, gebied Hammanskraal, ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 23 van 1960;

(c) die Barolong-streksowerheid, distrik Thaba Nchu, ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 1275 van 1953 gelees met Proklamasie R. 182 van 1962;

(d) die ba Hurutshe-streksowerheid van Zeerust, distrik Marico, ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 335 van 1959;

(e) die Huhudi Bechwana-streksowerheid, distrik Vryburg, ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 351 van 1961;

(f) die Taung-streksowerheid, distrik Taung, ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 376 van 1958;

(g) die Seokama Dichaba-streksowerheid, distrik Kuruman, ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 358 van 1958;

(h) die Barolong-streksowerheid, distrik Mafeking, ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 609 van 1961;

(i) die Ditshobotla-streksowerheid, distrikte Lichtenburg en Delareyville, ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 432 van 1963;

(j) die Bafokeng-streksowerheid, distrik Rustenburg, ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 1525 van 1966 gelees met Proklamasie R. 182 van 1962;

(k) die Madikwe-streksowerheid, distrik Rustenburg, soos ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 1111 van 1967, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 824 van 1969;

(l) die Bathlaping-streksowerheid, distrik Herbert, ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 314 van 1957 gelees met Proklamasie R. 182 van 1962; en

(m) die Odi-streksowerheid, distrikte Brits, Pretoria en Rustenburg, ingestel ooreenkomstig Goewermentskennisgewing 555 van 1971.

R204/4

No. R. 88, 1971

CISKEISE GEBIEDSOWERHEIDSREGULASIES.—  
WYSIGING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 17 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), gelees met artikel 25 van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), wysig ek hierby Bylae C van Proklamasie R. 143 van 1968 ooreenkomstig bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Een-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Een-en-sewentig.

J. J. FOUCHE, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

BYLAE

Vervang die woord "derde" in regulasie 12 (1) van Bylae C deur die woord "vyfde".

R203/4

No. R. 89, 1971

CONTROL OF THE IMPORTATION AND EXPORTATION OF MAIZE AND MAIZE PRODUCTS

Under the powers vested in me by section 87 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I hereby—

(a) prohibit the importation into or the exportation from the Republic of maize and maize products, except under authority of a permit issued by the Secretary for Agricultural Economics and Marketing, or otherwise than in accordance with the conditions specified in such a permit;

(b) confer on the Maize Board, referred to in section 2A of the Maize and Kaffircorn Scheme, published by Proclamation R. 113 of 1961, as amended, the sole right to import into the Republic maize of the cultivars *Zea mays 'indentata'* and *Zea mays 'indurata'* (excluding maize of the said cultivars intended as seed) and maize products;

(c) repeal Proclamation R. 84 of 1966.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-first day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

D. C. H. UYS.

SCHEDULE

In this Proclamation, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Marketing Act, 1968, shall have a corresponding meaning, and—

“maize products” means cracked maize, crushed maize, maize meal, maize bran, hominy chop, maize germ, maize starch or any commodity which contains a substantial proportion of any one or more of the said products, maize dextrin, maize glucose, maize dextrose, maize gluten and maize oil.

No. R. 89, 1971

BEHEER OOR DIE INVOER EN UITVOER VAN MIELIES EN MIELIEPRODUKTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 87 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968)—

(a) verbied ek hierby die invoer in die Republiek of uitvoer uit die Republiek van mielies en mielieprodukte behalwe op gesag van 'n permit wat deur die Sekretaris van Landbou-ekonomiese en -bemarking uitgereik is of anders as ooreenkomstig die voorwaardes in so 'n permit vermeld;

(b) verleen ek hierby aan die Mielieraad, vermeld in artikel 2A van die Mielie- en Kafferkoringskema, afgekondig by Proklamasie R. 113 van 1961, soos gewysig, die alleenreg om mielies van die kultivars *Zea mays 'indentata'* en *Zea mays 'indurata'* (uitgesonderd mielies van sodanige kultivars bestem as saad) en mielieprodukte in die Republiek in te voer;

(c) herroep ek hierby Proklamasie R. 84 van 1966.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Een-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Een-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

BYLAE

In hierdie Proklamasie, tensy in stryd met die samehang, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Bemarkingswet, 1968, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

“mielieprodukte”, gebreekte mielies, gestampte mielies, mieliemeel, mieliesemels, hominy chop, mielieklem, mieliestyseel of 'n handelsartikel wat 'n wesenlike deel van een of meer van die genoemde produkte bevat, mieliedekstrien, mielieglukose, mieliedekstrore, mieliegluten en mielieolie.

No. R. 90, 1971

PROHIBITION OF THE ERECTION OR EXTENSION OR USE OF FACILITIES FOR HANDLING OR STORAGE IN BULK OF CERTAIN AGRICULTURAL PRODUCTS

Under the powers vested in me by section 86 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I hereby—

(a) prohibit—

(i) the erection or extension of any facilities for the mechanical handling in bulk or storage in bulk of buckwheat, barley, groundnuts, oats, kaffircorn, wheat, maize, rye and sunflowerseed; or

(ii) the use of such facilities, except under the authority of a permit issued by the Secretary for Agricultural Economics and Marketing subject to such conditions as he deems fit, including, in the case of the prohibition referred to in subparagraph (i), conditions relating to the capacity of such facilities and the place where they shall be located, and, in the case of the prohibition referred to in subparagraph (ii), conditions relating to the extent to which and the products for which such facilities may be used;

No. R. 90, 1971

VERBOD OP DIE OPRIGTING OF UITBREIDING OF GEBRUIK VAN FASILITEITE VIR DIE MASSAHANTERING OF -OPBERGING VAN SEKERE LANDBOUWPRODUKTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 86 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968)—

(a) verbied ek hierby—

(i) die oprigting of uitbreiding van fasiliteite vir die meganiese massahantering of die massaopberging van bokwiet, gars, grondbone, hawer, kafferkorng, korng, mielies, rog en sonneblomsaad; of

(ii) die gebruik van sodanige fasiliteite, behalwe kragtens 'n permit uitgereik deur die Sekretaris van Landbou-ekonomiese en -bemarking onderworpe aan die voorwaarde wat hy goedvind, met inbegrip, in die geval van die in subparagraph (i) bedoelde verbod, van voorwaardes betreffende die kapasiteit van sodanige fasiliteite en die plek waar dit geleë moet wees, en, in die geval van die in subparagraph (ii) bedoelde verbod, van voorwaardes betreffende die mate waartoe en die produkte waarvoor sodanige fasiliteite gebruik mag word;

(b) declare that this Proclamation—

(i) shall not apply to any such facilities (including extensions) of a capacity or contemplated capacity, as the case may be, of less than 2 000 cubic meters;

(ii) shall come into operation on 1 August 1971, in substitution of Proclamation R. 46 of 1965, which is hereby repealed with effect from the same date.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-first day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

D. C. H. UYS.

---

No. R. 91, 1971

COMMENCEMENT OF THE COMMISSION FOR FRESH PRODUCE MARKETS ACT, 1970 (No. 82 OF 1970)

Under the powers vested in me by section 42 of the Commission for Fresh Produce Markets Act, 1970 (No. 82 of 1970), I hereby declare that the above-mentioned Act shall come into operation on 1 May 1971.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-third day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

D. C. H. UYS.

---

## GOVERNMENT NOTICES

### DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 663

30 April 1971

#### MAIZE AND KAFFIRCORN SCHEME

#### SPECIAL LEVY ON KAFFIRCORN MALT.—AMENDMENT

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Dirk Cornelius Hermanus Uys, Minister of Agriculture, hereby make known that the Maize Board, referred to in section 2A of the Maize and Kaffircorn Scheme, published by Proclamation R. 113 of 1961, as amended, has in terms of section 23 of that Scheme, with my approval and with effect from 1 May 1971, amended the requirements relating to a special levy imposed on kaffircorn malt, published by Government Notice R. 685 of 1 May 1970, as set out in the Schedule hereto.

D. C. H. UYS, Minister of Agriculture.

### SCHEDULE

The Schedule to Government Notice R. 685 of 1 May 1970, is hereby amended by the substitution in clause 2 for the expression "100 cents per 200 lb" of the expression "R12,25 per metric ton".

(b) verklaar ek hierby dat hierdie Proklamasie—

(i) nie van toepassing is nie op sodanige fasiliteite (met inbegrip van uitbreidings) met 'n kapasiteit of beoogde kapasiteit, na gelang van die geval, van minder as 2 000 kubieke meter;

(ii) op 1 Augustus 1971 in werking tree ter vervanging van Proklamasie R. 46 van 1965 wat hierby met ingang van dieselfde datum herroep word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Een-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Een-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

---

No. R. 91, 1971

INWERKINGTREDING VAN DIE WET OP DIE KOMMISSIE VIR VARSOPRODUKTEMARKE, 1970 (No. 82 VAN 1970)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 42 van die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1970 (No. 82 van 1970), verklaar ek hierby dat die bogemelde Wet op 1 Mei 1971 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Drie-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Een-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

---

## GOEWERMENSKENNISGEWINGS

### DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 663

30 April 1971

#### MIELIE- EN KAFFERKORINGSKEMA

#### SPESIALE HEFFING OP KAFFERKORINGMOUT.—WYSIGING

Kragtens artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Dirk Cornelius Hermanus Uys, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Mielieraad, genoem in artikel 2A van die Mielie- en Kafferkoringskema, afgekondig by Proklamasie R. 113 van 1961, soos gewysig, kragtens artikel 23 van daardie Skema, met my goedkeuring en met ingang van 1 Mei 1971, die voor-skrifte met betrekking tot die spesiale heffing opgele op kafferkorngout, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 685 van 1 Mei 1970, gewysig het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

D. C. H. UYS, Minister van Landbou.

### BYLAE

Die Bylae by Goewermentskennisgewing R. 685 van 1 Mei 1970 word hierby gewysig deur in klousule 2 die uitdrukking "100 sent per 200 lb" deur die uitdrukking "R12,25 per metriek ton" te vervang.

No. R. 664

30 April 1971

### DRIED BEAN SCHEME

#### IMPOSITION OF LEVY AND SPECIAL LEVY ON DRIED BEANS

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agriculture, hereby make known that the Dry Bean Board, referred to in section 3 of the Dried Bean Scheme, published by Proclamation R. 68 of 1961, as amended, has, in terms of sections 15 and 16 of that Scheme, with my approval and with effect from 1 May 1971, imposed the levy and special levy set out in the Schedule hereto in substitution of the levy and special levy published by Government Notice R. 451 of 31 March 1967, as amended, which is hereby repealed with effect from the same date.

D. C. H. UYS, Minister of Agriculture.

### SCHEDULE

1. In this notice unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Dried Bean Scheme, published by Proclamation R. 68 of 1961, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

“controlled area” means the area comprising the Republic excluding the Magisterial Districts of Bizana, Butterworth, Elliotdale, Engcobo, Flagstaff, Idutywa, Kentani, Libode, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Mount Fletcher, Mount Frere, Mqanduli, Ngqeleni, Port St Johns, Qumbu, St Mark’s, Tabankulu, Tsolo, Tsomo, Umzimkulu, Umtata, Willowvale and Xalanga.

2. A levy of R1,20 per metric ton and a special levy of R1,80 per metric ton are hereby imposed on all dried beans, excluding dried beans certified in terms of a Seed Certification Scheme under the Seeds Act, 1961, as Dried Bean Seed or Garden Bean Seed and dried beans imported into the Republic for use as foundation seed in terms of a Seed Certification Scheme under the Seeds Act, 1961—

- (a) sold in the controlled area by or on behalf of a producer;
- (b) produced in the controlled area and sold outside the controlled area;
- (c) produced outside the controlled area and sold in the controlled area;
- (d) sold outside the controlled area to a person dealing with dried beans in the course of trade in the controlled area: Provided that no levy or special levy shall be payable in respect of dried beans so sold and resold outside the controlled area by the purchaser without such dried beans having been brought into the controlled area; and
- (e) imported into the Republic.

No. R. 665

30 April 1971

### DRIED BEAN SCHEME

#### REQUIREMENTS RELATING TO RECORDS AND RETURNS

In terms of section 79 (c) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agriculture, hereby make known that the Dry Bean Board, referred to in section 3 of the Dried Bean Scheme, published by Proclamation R. 68 of 1961, as amended, has, in terms of section 14 (h) and (p) of that Scheme, with my approval and with effect from 1 May 1971, issued

No. R. 664

30 April 1971

### DROËBONESKEMA

#### OPLEGGING VAN HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP DROËBONE

Kragtens artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Droëboneraad, vermeld in artikel 3 van die Droëboneskema, afgekondig by Proklamasie R. 68 van 1961, soos gewysig, kragtens artikels 15 en 16 van daardie Skema, met my goedkeuring en met ingang van 1 Mei 1971, die heffing en spesiale heffing in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het ter vervanging van die heffing en spesiale heffing afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 451 van 31 Maart 1967, soos gewysig, wat hierby met ingang van dieselfde datum hierroep word.

D. C. H. Uys, Minister van Landbou.

### BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Droëboneskema, afgekondig by Proklamasie R. 68 van 1961, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis en beteken—

“beheerde gebied”, die gebied bestaande uit die Republiek, uitgesonderd die landdrosdistrikte Bizana, Butterworth, Elliotdale, Engcobo, Flagstaff, Idutywa, Kentani, Libode, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Currie, Mount Fletcher, Mount Frere, Mqanduli, Ngqeleni, Port St Johns, Qumbu, St Mark’s, Tabankulu, Tsolo, Tsomo, Umzimkulu, Umtata, Willowvale en Xalanga.

2. Hierby word 'n heffing van R1,20 per metriek ton en 'n spesiale heffing van R1,80 per metriek ton opgelê op alle droëbone, uitgesonderd droëbone wat ingevolge 'n Saadcertifiseringskema kragtens die Wet op Saad, 1961, as Droëbonesaad of Tuinbonesaad gesertifiseer is en droëbone wat vir gebruik as moedersaad ingevolge 'n Saadcertifiseringskema kragtens die Wet op Saad, 1961, in die Republiek ingevoer word, wat—

- (a) in die beheerde gebied verkoop word deur of ten behoeve van 'n produsent;
- (b) in die beheerde gebied geproduseer en buite die beheerde gebied verkoop word;
- (c) buite die beheerde gebied geproduseer en binne die beheerde gebied verkoop word;
- (d) buite die beheerde gebied verkoop word aan 'n persoon wat binne die beheerde gebied met droëbone as 'n besigheid handel: Met dien verstande dat geen heffing betaalbaar is nie op droëbone wat aldus verkoop is en deur die koper buite die beheerde gebied herverkoop word sonder dat dit in die beheerde gebied ingebring is; en
- (e) in die Republiek ingevoer word.

No. R. 665

30 April 1971

### DROËBONESKEMA

#### VOORSKRIFTE BETREFFENDE REKORDS EN OPGAWES

Kragtens artikel 79 (c) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Droëboneraad, vermeld in artikel 3 van die Droëboneskema, afgekondig by Proklamasie R. 68 van 1961, soos gewysig, kragtens artikel 14 (h) en (p) van daardie Skema, met my goedkeuring en met ingang van 1 Mei 1971, die voor-

the requirements set out in the Schedule hereto in substitution of the requirements published by Government Notice R. 452 of 31 March 1967, which is hereby repealed with effect from the same date.

D. C. H. UYS, Minister of Agriculture.

## SCHEDULE

### Definitions

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Dried Bean Scheme, published by Proclamation R. 68 of 1961, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

“registered trader” means a person registered or required to be registered under section 18 of the said Scheme;

“month” means the period extending from the first to the last day, both days inclusive, of any of the 12 months of the year.

### Registered Traders

2. (1) Each registered trader shall keep at his business premises accurate and legible records in duplicate—

(a) on the form set out in Annexure A hereto in which he shall enter within 24 hours after the end of each month particulars, as required on the said form, of his trading activities in dried beans during the relevant month; and

(b) on the form set out in Annexure B hereto in which he shall enter at the end of each day particulars, as required on the said form, of each transaction in which dried beans were sold to him by, or sold by him on behalf of, a producer on the relevant day: Provided that dried beans so sold in quantities of less than 90 kg per producer may in stead of being separately entered daily be entered weekly in a total quantity as sales by or on behalf of “sundry producers”.

(2) The original copies of the records referred to in subclause (1) shall be retained by such a trader for a period of not less than three years.

(3) The duplicate copies of the said records in respect of a particular month shall be submitted by such trader to the Board within 10 days after the last day of such month: Provided that if no dried beans were sold by a producer to any such trader or by any such trader on behalf of a producer during a particular month, such trader shall within the said period furnish the Board with a “nil return” on the form set out in the said Annexure A hereto in respect of such month.

### Importers

3. (1) Any person who deals with dried beans in the course of trade, shall keep at his business premises accurate and legible records in duplicate on the form set out in Annexure C hereto in which he shall enter at the end of each day particulars, as required on the said form, of each quantity of dried beans imported by him into the Republic on the relevant day.

(2) The original copies of the records referred to in subclause (1) shall be retained by such a person for a period of not less than three years.

(3) The duplicate copies of the said records in respect of such imports during a particular month shall be submitted by such a person to the Board within 10 days after the last day of such month.

skrifte in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgerek het ter vervanging van die voorskrifte afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 452 van 31 Maart 1967, wat met ingang van dieselfde datum herroep word.

D. C. H. UYS, Minister van Landbou.

## BYLAE

### Woordomskrywing

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Droëboneskema, afgekondig by Proklamasie R. 68 van 1961, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

“geregistreerde handelaar”, iemand wat kragtens artikel 18 van die genoemde Skema geregistreer is of daar kragtens geregistreer behoort te wees;

“maand”, die tydperk wat strek van die eerste tot die laaste dag, albei dae ingesluit, van enigeen van die 12 maande van die jaar.

### Geregistreerde Handelaars

2. (1) Elke geregistreerde handelaar moet op sy besigheidspersel juiste en leesbare aantekeninge in tweevoud hou—

(a) op die vorm in Aanhangaal A hiervan uiteengesit waarin hy binne 24 uur na die einde van elke maand besonderhede, soos op die genoemde vorm vereis, van sy handelsbedrywighede in droëbone gedurende die betrokke maand moet aanteken; en

(b) op die vorm in Aanhangaal B hiervan uiteengesit waarin hy aan die einde van elke dag besonderhede, soos op die genoemde vorm vereis, van elke transaksie waarby droëbone op die betrokke dag deur 'n produsent aan hom, of ten behoeve van 'n produsent deur hom, verkoop is, moet aanteken: Met dien verstande dat droëbone wat in hoeveelhede van minder as 90 kg per produsent aldus verkoop is, instede van om daagliks afsenderlik aangeteken te word, weekliks in 'n gesamentlike hoeveelheid as verkope deur of ten behoeve van “diverse produsente” aangeteken kan word.

(2) Die oorspronklike van die in subklousule (1) bedoelde aantekeninge moet vir 'n tydperk van nie minder nie as drie jaar deur so 'n handelaar behou word.

(3) Die duplike van bedoelde aantekeninge ten opsigte van 'n bepaalde maand moet deur so 'n handelaar aan die Raad verstrek word binne 10 dae na die laaste dag van sodanige maand: Met dien verstande dat indien geen droëbone deur 'n produsent aan, of ten behoeve van 'n produsent, deur so 'n handelaar gedurende 'n bepaalde maand verkoop is nie, sodanige handelaar binne bedoelde tydperk 'n “nul-opgawe” ten opsigte van daardie maand op die vorm in genoemde Aanhangaal A hiervan uiteengesit aan die Raad moet verstrek.

### Invoerders

3. (1) Iemand wat met droëbone as 'n besigheid handel, moet op sy besigheidspersel juiste en leesbare aantekeninge in tweevoud hou op die vorm in Aanhangaal C hiervan uiteengesit waarin hy aan die einde van elke dag besonderhede, soos op die genoemde vorm vereis, van elke hoeveelheid droëbone deur hom op die betrokke dag in die Republiek ingevoer, moet aanteken.

(2) Die oorspronklikes van die in subklousule (1) bedoelde aantekeninge moet vir 'n tydperk van nie minder nie as drie jaar deur so 'n persoon behou word.

(3) Die duplike van bedoelde aantekeninge ten opsigte van sodanige invoere gedurende 'n bepaalde maand moet deur so 'n persoon aan die Raad verstrek word binne 10 dae na die laaste dag van sodanige maand.

Last date for submission	►	◀	Laaste datum vir indiening	ANNEXURE	A	AANHANGSEL	Month	►	◀	Maand
Closing stocks	White kidney beans	Michigan beans	Other white beans	Speckled and partly white beans	Yellow beans	Other coloured beans	Mixed beans			Total
Kilogrammes	+ + + + + + + + =									
Eindvoorraad	Wit nierbone	Michigan bone	Ander wit bone	Gespikkeld en half-wit bone	Geel bone	Ander gekleurde bone	Gemengde bone			Totaal
Summary	Opening stock	Total of Annexure B	Total of Annexure C	Purchased from the trade	Total	Exported	Sold and/or used			Closing stock
Kilogram	+ + + = - - - - =									
Opsomming	Beginvoorraad	Totaal van Aanhangsel B	Totaal van Aanhangsel C	Aangekoop van die handel	Totaal	Uitgevoer	Verkoop en/of gebruik			Eindvoorraad
Levy	Cheque/P. Order	Tot. Annexure B	Tot. Annexure C	Tot. B + C	Levy @ per kg	Previous balance	Less credits			Amount payable
@ per kg	No.	kg +	kg =	kg = R	+ R	- R	- R			= R
Heffing	Tjek/Posorder	Tot. Aanhangsel B	Tot. Aanhangsel C	Tot. B + C	Heffing @ per kg	Vorige saldo	Min krediete			Bedrag betaalbaar

Certified correct/Korrekt gesertifiseer

Registered trader ►

Date/ Datum

Signature/ Handtekening

Geregistreerde handelaar ►

**ANNEXURE B**  
**AANHANGSEL B**

Return for the month..... 19.....  
Ongawe vir die maand

Certified correct

Korrekt gesertifiseer

Registered Trader

.....  
**Dato/Datum**

**Signature/Handtekening**

Geregistreerde Handelaar

**ANNEXURE C**  
**AANHANGSEL C**

Return for the month..... 19.....  
Opgawe vir die maand

Certified correct

Korrekt gesertifiseert

Importe

4

Date/Datum

.....  
Signature/Handtekening

Invoerde

No. R. 674

30 April 1971

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING, PACKING AND MARKING OF CITRUS FRUIT INTENDED FOR SALE IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.—AMENDMENT

The State President has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), further amended the regulations published by Government Notice R. 658 of 29 April 1966, as amended, as set out in the Schedule hereto.

#### SCHEDULE

The Schedule to Government Notice R. 658 of 29 April 1966, as amended, is hereby further amended as follows:

1. The expression "Rosé Grapefruit" is hereby substituted for the expression "Red Grapefruit" wherever it occurs.

2. The expressions "Choice grade", "Standard grade" and "Substandard grade" are hereby substituted for the expressions "Union grade", "Factory grade" and "Trade grade" respectively wherever they occur.

3. Regulation 3 is hereby amended by the addition after subregulation (3) of the following subregulation:

"(4) All Export and Choice grade oranges and grapefruit shall be waxed."

4. Regulation 4 (1) is hereby amended by—

(a) the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:

"(d) Seedless Grapefruit

(i) *Juice content*—*Marsh Grapefruit*—a minimum of 42 per cent juice; and

*Rosé Grapefruit*—a minimum of 44 per cent juice.

(ii) *Total soluble solids to acid ratio*.—*Marsh Grapefruit*—a minimum ratio of 5,0:1; and

*Rosé Grapefruit*—a minimum ratio of 5,2:1;" and

(b) the substitution for subparagraph (ii) of paragraph (e) of the following subparagraph:

"(ii) *Total soluble solids to acid ratio*.—A minimum ratio of 5,0:1.".

5. Regulation 5 (1) (a) is hereby amended by the substitution for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

"(ii) Corrugated board export containers of the telescopic type of which the internal dimensions are 15 $\frac{7}{8}$  inches long by 10 $\frac{3}{8}$  inches wide by 10 $\frac{1}{2}$  inches deep, or a carton of the telescopic type of which the internal dimensions are 16 $\frac{3}{4}$  inches long, 11 $\frac{3}{8}$  inches wide by 5 $\frac{1}{2}$  inches deep; or".

6. Regulation 7 (5) is hereby amended by—

(a) the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) *Size*.—Every tag shall be made of manilla quality paper and shall measure 125 mm by 50 mm.".

(b) the substitution for subparagraphs (ii), (iii), (iv) and (v) of paragraph (b) of the following subparagraphs:

"(ii) Choice grade oranges, grapefruit, lemons and Meyer lemons shall be yellow and all printing thereon shall be in black ink;

(iii) Standard grade oranges, grapefruit, lemons and Meyer lemons shall be pink (cerise) and all printing thereon shall be in black ink;

No. R. 674

30 April 1971

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN SITRUSVRUGTE BESTEM VIR VERKOOP IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—WYSIGING

Die Staatspresident het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 658 van 29 April 1966, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

#### BYLAE

Die Bylae van Goewermentskennisgewing R. 658 van 29 April 1966, soos gewysig, word hierby soos volg verder gewysig:

1. Die woord "Rooipomelo's" waar dit ookal voorkom word hierby deur die woorde "Rosé pomelo's" vervang.

2. Die woorde "Uniegraad", "Fabrieksgraad" en "Handelsgraad", waar dit ookal voorkom word hierby deur die woorde "Keurgraad", "Standaardgraad", en "Substandaardgraad" onderskeidelik vervang.

3. Regulasie 3 word hierby gewysig deur na subregulasie (3) die volgende subregulasie by te voeg:

"(4) Alle Uitvoer- en Keurgraad lemoene en pomelo's moet gewaks wees."

4. Regulasie 4 (1) word hierby gewysig deur—

(a) paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(d) Pitlose pomelo's

(i) *Sapgehalte*.—*Marsh pomelo's*—'n minimum van 42 persent sap; en

*Rosé pomelo's*—'n minimum van 44 persent sap.

(ii) *Verhouding van totale oplosbare vastestowwe tot suur*.—*Marsh pomelo's*—'n minimum verhouding van 5,0:1; en

*Rosé pomelo's*—'n minimum verhouding van 5,2:1"; en

(b) subparagraph (ii) van paragraaf (e) deur die volgende subparagraph te vervang:

"(ii) *Verhouding van totale oplosbare vastestowwe tot suur*.—'n Minimum verhouding van 5,0:1."

5. Regulasie 5 (1) (a) word hierby gewysig deur subparagraph (ii) deur die volgende subparagraph te vervang:

"(ii) Riffelborduitvoerhouers van die teleskopiese tipe met binnemate 15 $\frac{7}{8}$  duim lank, 10 $\frac{3}{8}$  duim breed en 10 $\frac{1}{2}$  duim diep, of 'n karton van die teleskopiese tipe met binnemate 16 $\frac{3}{4}$  duim lank, 11 $\frac{3}{8}$  duim breed en 5 $\frac{1}{2}$  duim diep; of".

6. Regulasie 7 (5) word hierby gewysig deur—

(a) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) *Grootte*.—Elke etiket moet van manillagehalte papier gemaak wees en moet 125 mm by 50 mm groot wees."

(b) deur subparagraphs (ii), (iii), (iv) en (v) van paragraaf (b) deur die volgende subparagraphs te vervang:

"(ii) Keurgraadlemoene, -pomelo's, -suurlemoene en -Meyersuurlemoene moet geel wees en alle drukwerk daarop moet in swart ink wees;

(iii) Standaardgraadlemoene, -pomelo's, -suurlemoene en -Meyersuurlemoene moet ligroos (kersierooi) wees en alle drukwerk daarop moet in swart ink wees;

- (iv) Substandard grade oranges, grapefruit, lemons and Meyer lemons shall be green and all printing thereon shall be in black ink;  
(v) Under grade oranges, grapefruit, lemons and Meyer lemons shall be pink (cerise);".

No. R. 675

30 April 1971

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING AND PACKING OF WHEAT.—AMENDMENT

The State President has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), amended the regulations, published by Government Notice R. 1676 of 2 October 1970, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

The Schedule to Government Notice R. 1676 of 2 October 1970, is hereby amended by the substitution for subparagraph (i) of regulation 5 (2) (b) of the following subparagraph:

"(i) of any one or more of the varieties Adeste, Bella, Belinda, Betana, Celebration, Daeraad, Dirk 48, Duiker, Elan, Falcon, Frisko, Gamenya, Gamut, Glaive, Goudveld, Impala, Janitor (61/525), Kenia Sokkies, Kleintrou, Koalisie, Lalkasarwali, Losper, Mendos, Penkop, Rooi Egipties, Sabi, Scheepers, Scheepers 69, Spoetnik, Sterling, Tobari, Tokwe, Tosca, T4, T7, T8 and Verbeterde Kenia, which complies with the requirements prescribed for Grade 1, Grade 2 or Grade 3 (excluding Grade 3 wheat consisting of more than 10 per cent by weight of durum wheat);".

No. R. 676

30 April 1971

TIME AND MANNER OF PAYMENT OF LEVIES ON DECIDUOUS FRUIT

The State President has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), made the regulations set out in the Schedule hereto, in substitution of the regulations published by Government Notice R. 1727 of 27 October 1967, which is hereby repealed.

SCHEDULE

1. In these regulations, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Deciduous Fruit Scheme, published by Proclamation R. 288 of 1962, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

"month" means the period extending from the first to the last day, both days inclusive, of any of the 12 months of the year.

2. Any levy and special levy on deciduous fruit imposed by the Board under sections 18 and 19 of the said Scheme, other than any such levy or special levy on deciduous fruit sold through the Board, shall be paid to the Board within 10 days after the last day of the month within which—

(a) the deciduous fruit was exported from the Republic, in the case of a levy or special levy on deciduous fruit exported from the Republic;

(b) the deciduous fruit was sold in the marketing area or in the registration area, as the case may be, in the case of a levy or special levy on deciduous fruit sold under authority of a permit issued in terms of section 17 (p) (ii) or in pursuance of a registration granted under section 24 of the said Scheme;

- (iv) Substandaardgraadlemoene, -pomelo's, -suurlemoene en -Meyersuurlemoene moet groen wees en alle drukwerk daarop moet in swart ink wees;  
(v) Ondergraadlemoene, -pomelo's, -suurlemoene en -Meyersuurlemoene moet ligroos (kersierooi) wees;".

No. R. 675

30 April 1971

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING EN VERPAKKING VAN KORING.—WYSIGING

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), die regulasies aangekondig by Goewermentskennisgewing R. 1676 van 2 Oktober 1970, gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

Die Bylae van Goewermentskennisgewing R. 1676 van 2 Oktober 1970, word hierby gewysig deur subparagraph (i) van regulasie 5 (2) (b) deur die volgende subparagraph te vervang:

"(i) van een of meer van die variëteite Adeste, Bella, Belinda, Betana, Celebration, Daeraad, Dirk 48, Duiker, Elan, Falcon, Frisko, Gamenya, Gamut, Glaive, Goudveld, Impala, Janitor (61/525), Kenia Sokkies, Kleintrou, Koalisie, Lalkasarwali, Losper, Mendos, Penkop, Rooi Egipties, Sabi, Scheepers, Scheepers 69, Spoetnik, Sterling, Tobari, Tokwe, Tosca, T4, T7, T8 en Verbeterde Kenia, wat voldoen aan die vereistes voorgeskryf vir graad 1, graad 2 of graad 3, uitgesonderd graad 3-koring wat uit meer as 10 persent volgens gewig durumkoring bestaan;".

No. R. 676

30 April 1971

TYD EN WYSE VAN BETALING VAN 'N HEFFING OP SAGTEVRUGTE

Die Staatspresident het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak ter vervanging van die regulasies aangekondig by Goewermentskennisgewing R. 1727 van 27 Oktober 1967, wat hierby herroep word.

BYLAE

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Sagtevrugteskema, aangekondig by Proklamasie R. 288 van 1962, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"maand", die tydperk wat strek van die eerste tot die laaste dag, albei dae ingesluit, van enigeen van die 12 maande van die jaar.

